DEMONOLOGIE

. . . Belydenis, dat van 'n klein seuntjie af, en toe ek die eerste keer bekeer is, en toe ek die—die mense ontmoet het, die Volle Evangelie mense, het ek altyd in my hart gehad dat daar iets anders was. En toe die Engel van die Here my ontmoet het . . .

2 En hoeveel was in my primitiewe dienste toe ek die eerste keer begin het? Is daar enigiemand hier wat in my eerste dienste was toe ek die eerste keer begin het? Hoe ek die mense aan die hand sou neem, onthou julle dit? Goed. En julle het my hoor sê hoe dit sou gebeur, dat Hy my vertel het, dat dit sou gebeur as ek opreg sou wees, dat ek sou—ek die einste verborgenhede van die mense se hart sou ken. Onthou julle dat Hy dit gesê het? Nou, dit het nie gewerk nie, dit was nie toe nie, maar Hy het gesê: "Dit sou wees." Wel, nou het dit gebeur.

En Hy het vir my gesê . . . Ek het vir Hom vertel, ek het gesê: "Ek het dit bevraagteken."

En Hy het gesê: "Ek sal met jou wees." Wel, dit was nog altyd die een troos wat ek geweet het, dat Hy hier was.

3 Ek het al dikwels mense hoor sê: "Broer Branham, hoekom neem jy nie die inisiatief nie. Gaan net daar uit en neem net die posisie in en bestraf die vyand." Ek was bang daarvoor. Omdat ek—ek veronderstel, miskien, het ek, ek het dalk iets gesien wat ek nie moes gesien het nie.

4 En ek besef wel, vriende, in alle opregtheid, dat hierdie nie net 'n—'n drama, 'n toneelstuk, is nie. Ons is in die kerk en—en dis die—dis die krag van Almagtige God. En dis bose geeste wat op mense is, dis as ek Christene vertel dat . . . Nou, ek bedoel nie as . . .

Jy sê: "Ek het die Heilige Gees, Broer Branham. Ek het geen demoon nie."

5 Wel nou, ek sê nie: "demoonbesetenheid nie," dis: "demoonverdrukking," julle sien. Satan in die vlees, nie Satan in die gees nie. Satan in die gees gee onrein gewoontes ensovoorts, en ongeloof. Jy mag net so rein en heilig en skoon lewe, en tog, 'n sondaar wees. Dis jou geloof wat jou red. Sien. Baie mense, hulle is net so rein en skoon, en tog, baie skoner, partymaal, as mense wat, belydende Christene lewe. Maar tog, die Heilige Gees sal ontken, elke werking van die krag van God sal ontken; hulle is ongelowiges, nie te min, hulle is baie godsdienstig. En die antichrisgees is 'n baie godsdienstige gees, net op die merk, net so godsdienstig soos dit kan wees, die antichris. Jesus het selfs

gesê: "Dit sou die einste Uitverkorenes mislei, as dit moontlik was, in die laaste dag." Dis waar.

Nou, so dan verplig dit jou om te weet waar jy—waar jy doen, waar jy staan, en waarmee jy praat.

6 Nou, siende dat ek soveel belydenis gedoen het, gaan ek julle iets vertel wat ek nog nooit in die openbaar in 'n gehoor in my lewe vertel het, sover ek weet nie, behalwe as dit onder die Gees was, een of ander tyd, want ek doen dan dinge wat ek nie weet ek doen nie.

7 Maar baie, baiekeer op die platvorm, sien ek die gees wat die persoon verlaat. Hulle is in allerhande vorms. Ek werk aan 'n boek oor demonologie, oor dit wat ek self daarvan weet, in my persoonlike werk met demone; hulle is wesens. Hulle is nie net 'n gedagte, soos Christenwetenskap sê nie. Dis regtig 'n wese, en jy sien dit wanneer dit die persoon verlaat, soos 'n swart skaduwee. Ek—ek het hulle al gesien, hulle lyk, party van hulle lyk soos vlêrmuise omtrent so lank, het lang hare wat afhang. Ek het hulle gesien soos daardie, en ek het hulle sien lyk soos skilpaaie, en soos yslike groot spinnekoppe wat vyftig pond weeg, of iets, soos 'n yslike groot skaduwee, en dit verlaat die mense. Gewoonlik, is dit epilepsie.

8 En dit—dit gaan regoor die gehoor. En Almagtige God, van Wie ons preek, en sekerlik, om in die diepste opregtheid te wees, het ek daardie goed al oor die gehoor sien beweeg. En ek het hulle gesien, partymaal, wanneer die gehoor net eensgesind sou wees, dat hulle self baiekeer daardie ding sou sien. Honderde en honderde mense sou dit sien beweeg.

9 En daarom, moet dit die diepste opregtheid verg. Dit is nie 'n bluf nie, jy kan glad nie die duiwel bluf nie, hy word nie gebluf nie. Maar wanneer jy ook al werklik die—die Bloed van Jesus Christus kan voortbring, kan Satan nie daarvoor staan nie. Nou, dis net so waar.

10 Wel nou, hier's wat ek al dikwels gewonder het, en dankie dat julle geduld het met my vanaand om hierdie te verduidelik. Hier's wat ek al dikwels gewonder het. Nou, ek let op ek het 'n groot groep predikers hieragter, wat ek baie bly is dat hulle hier is, my broers. En ek het al dikwels gewonder en mense gesien kom na die dienste wat deur dienste was, deur gebedsry gegaan het, dan voor jy jou kom kry, beland hulle uiteindelik, daarbo by die huis. Party van hulle besete met bose geeste. Hulle was daardeur, daar is vir hulle gebid, en voor gebid, en voor gebid, en olie op hulle hoof gegooi, en voor gebid, en deur hierdie gebed . . . Maar steeds klou dit net vas. Nou, daar's 'n rede iewers. As . . .

11 Julle weet dat daar so-iets soos Goddelike genesing is, nie waar nie? En julle weet dat daar geen moeilike geval vir God is nie. Wel, God genees melaatsheid net soos Hy 'n tandpyn sou. Sien? Dis alles onder die Versoening. Maar wanneer . . . Julle sien,

deur artikels te lees, hierdie persoon het verlam gesit; genees. Hier's 'n ander een met, miskien, met 'n laaste stadium van kanker, net uitgeteer; hulle is gesond gemaak. Sien dan 'n ander persoon, met miskien net 'n—'n knaende hoofpyn, of iets, en was net deur gebedsry na gebedsry gewees. Daar's iewers iets verkeerd, daar moet wees.

12 Nou, dis waar die voordeel van die klein, nederige gawetjie wat God my gegee het, as ek daardie persoon alleen en stil en voor God kan kry, sal dit net presies openbaar wat die probleem is. Daar's iets wat hulle nie gedoen het nie, of iets wat hulle moes gedoen het. Daar's êrens een of ander rede daarvoor. Maar jy moet dit vind, dan gaan maak die pasiënt dit reg, hulle word gesond.

13 Hoeveel keer het dit gebeur? God alleen weet. Duisende kere dat mense wat kom, gevul met die Heilige Gees, Sondagskoolonderwysers, en alles, en tog, ver af in die pad iewers, sou iets gebeur. Hier, openbaar die Heilige Gees dit net reguit, sê vir hulle net presies wat . . . "Wel, ek onthou dit, dis net presies reg." En daar gaan hulle en maak dit reg. Dit handel die siekte af. Sien? Wel, dis hoekom (of die siekte of beproewing of wat dit ook al is), wel, dis hoekom die klein gawetjie, wat God gegee het, so wonderlik te pas kom in die kerk.

14 Maar jy dit begin doen oor 'n gehoor mense, wel, dan moet elke individu daardie selfde kontak hê, of hulle voel nie daar is vir hulle gebid nie. Hulle doen dit net nie. Ek het dit vir agt jaar probeer.

15 En julle het my hoor sê in Owensboro: "Onder in Afrika, is een . . . Ek kan hier staan onder die Gees van God en iemand wat daarbuite in sit, sou dit een ding onderskei. Vir die persoon sê wat verkeerd was of so-iets soos daardie, elke persoon sou doen net presies wat jy vir hulle sê om te doen. As hulle verwronge, gebonde, daar gelê het, sou hulle wikkel en hulle bes probeer om van die bed af te kom of doen . . . En hulle sou aanhou om dit te doen tot hulle dit kon doen, om op te kom. Geen opgee vir hulle daar nie."

16 Maar in Amerika, het dit net nog nooit reg gewerk nie. Daar's net . . . Dis soveel onderrigting in Amerika, soveel verskillende leringe, tot elkeen hulle eie idee het. Hulle sou sê: "Nou, my pastoor het gesê daardie man was 'n spiritualis." Wel, dit handel dit af vir jou. O, jy sê: "Ek glo dit nou nie, Broer Branham." Maar ver onder, in daardie onderbewuste, is dit steeds daar. Jy beweeg gewoonlik volgens jou onderbewuste.

17 Net soos 'n groot skip wat uitgaan op die see, die kaptein gee opdragte aan 'n klein mannetjie wat afgaan in die onderkant van die skip, en o, hy sien niks. Hy werk net volgens die bevele wat van bo af kom. Hy weet nie. Hy sê: "Stuur hierdie kant toe,"

of: "Draai hierdie kant toe," of: "Volspoed vorentoe," of: "Gaan agtertoe." Hy werk net volgens wat die man hierbo doen.

18 Wel gewoonlik, is dit—dit hoe jou onderbewuste werk. Dit roer jou wanneer jy *hierbo* is, jy probeer *so* dink, maar ver *hier* onder, is daar iets anders wat jou beweeg. Nou, ek weet dit. Ek het die pasiënte by die duisende gekry, op die platvorm, waar hulle sal sê: "Broer Branham, ek glo dit met my hele hart. Ja, Broer Branham, ek glo dit."

En tog, *daaronder* in? Ek dink: "God, as hulle dit *hieronder* geglo het soos hulle *hierbo* het, sou dit anders gewees het." Sien?

19 Maar hulle glo dit *hierbo*, maar nie *hieronder* nie. So, dit—dit sal nie werk nie. *Hierdie*, *hier* sal *daardie* oorheers, want onderbewuste sal aanbeweeg. Jy sal probeer uitstap met 'n verstandelike begrip en sê: "Glorie aan God, ek's genees. Prys die Here, ek's genees." En reg *hieronder* in, sê *dit* nie so nie. So, uiteindelik oorheers *hierdie daardie* net dadelik. En wanneer simptome kom, dan sê jy: "Wel, ek het dit net nie gekry nie." Sien?

20 Dis waar dit is. *Hierdie* moet saam met *hierdie* wees. En *hierdie* en *hierdie* moet saam met *daardie* wees. Sien wat ek bedoel? En dan vind daar genesing plaas. Dan is jy, jou siel, en jou verstand, en alles, in samewerking met God, en die kanaal van God se seën vloei net reg in jou in, en genees jou. Dit moet net.

21 Nou, ek het dit opgelet. En ek was baie noukeurig met wat ek gedoen het, ek sou altyd wag. Miskien, dalk het God daardie vloek opgesit. . . Satan dit laat opsit. God sit nie 'n vloek op enigiemand nie, maar partymaal, sal Hy Satan toelaat om dit te doen, hy het op Job en baie van hulle, julle weet; dat, Satan sit 'n vloek, God doen dit nie. God is liefde. Maar as jy iets verkeerd doen, dan word jy net losgelaat vir Satan om bietjie pakslae te kry.

22 En dan as hierdie vloek op jou is, en dan dalk, miskien, wat as jy met volmag, teruggaan en die vloek afhaal, dat God wou hê dat dit daar moes bly tot hierdie ding reggemaak is? Wat dan daarvan? Dan is jy in die moeilikheid by God. Is dit reg? Jy's in die moeilikheid by God.

23 Soos 'n vrou daar in Durban op die platvorm gekom het, sy het opgestap, baie groot, sterk, vrou wat gesond gelyk het. Die Heilige Gees het met haar gepraat, vir haar vertel wie sy was, waar sy vandaan gekom het, wat haar naam was, en waar sy was, wie haar man was; vir haar gesê sy het 'n sist op die baarmoeder.

Sy het gesê: "Dis presies reg."

24 Ek het gesê: "Maak gereed vir die dood, want jy gaan nie langer as net nog 'n paar minute lewe nie." Binne die bestek

van vyftien, twintig minute, was sy 'n lyk. Hulle het haar daar weggedra. Sien?

25 Ek spreek dit nooit wanneer ek die dood om 'n persoon sien nie, ek bid net vir hulle, en gaan aan, want ek weet nie. Maar hierdie keer het ek die begrafnisstoet haar sien uitneem, en God het alreeds so gesê, so dit het dit afgehandel, julle sien. Ek het geweet sy gaan sterf. So sy het gesterf, net, sy het daar op die gronde gesterf. Sy het net afgeloop, gaan sit, 'n paar minute daar gesit, toe net dood neergeval. Net hierdie normale, gesonde vrou, klein sist op die—op die vroulike orgaan, dit was al wat verkeerd was met haar. Maar sy het gesterf en dit het net vooruit gesien.

Nou, as ek die geneser was, sou ek haar genees het. Ek kon haar nie genees nie, God is die Een. Jy moet gehoorsaam wat Hy sê om te doen.

26 Dan, in dit alles, is dit die rede. Julle onthou vir Moses, wat die rots geslaan het toe hy veronderstel was om daarmee te praat? Hoeveel onthou daardie storie? Julle predikers onthou. Hy het beslis in die moeilikheid beland, het hy nie? Hy kon nie oorgaan in die beloofde land in nie. God het hom net daaruit geneem, gesê: "Nee, kom hiernatoe, Moses." Opgekruip teen die heuwel en daar het hy gesterf, die Engele het hom geneem en gaan begrawe. En baie ander stories in die Bybel, soos dit. So, ek het probeer om baie versigtig te wees.

27 Maar daar's een ding waaraan ek altyd gedink het. Dat God, deur die krag van Sy dood op Golgota, vir die kerk krag gegee het om bose geeste uit te dryf. Want Markus 16 het gesê: "In My Naam sal hulle uitdryf. . . " (Nie: "Ek sal" nie; "Hulle sal.") "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf." Is dit reg? "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

28 Nou, daardie hande lê op die siekes was een ding, ek het al dikwels gewonder, soos ek gesê het: Daar's nie 'n moeder hierbinne wat nie weet wat dit is om hande op die siekes te lê nie. Laat jou babatjie siek word, en jy streel dit en speel 'n bietjie daarmee, hoe dit hom bedaar.

29 Het julle al ooit 'n perd gehad wat senuweeagtig of iets was, of, jou hond? Streel [Broer Branham streel om te illustreer—Red.] hom net so 'n bietjie, sit jou hande op hom, vryf hom, sien. Sien wat ek bedoel? Nou, daar's 'n krag van God deur hande op die siekes te lê, want dis 'n—dis 'n opdrag van Jesus Christus, om dit te doen.

30 En verlede Dinsdag, of, eergisteraand, drie aande gelede, was dit gewees, reken ek, toe ek by Broer Vibbert se kerk was, wat ek geweet ek die aand sou wees wat ons by Broer Vibbert se kerk moes wees, ek dink, wat Dinsdagaand was. Ek en Broer Vibbert het 'n goeie verhouding, en ek het gedink as ek verkeerd was, ek wou hê God moet my vergewe, en ek was seker Broer Vibbert sou, ook. Maar ek wou een keer 'n konfrontasie sien,

net 'n volmaakte konfrontasie teen Satan, want ek het 'n paar ondervindings sonder visioen gehad.

31 En ek onthou by Portland, Oregon, toe daardie maniak uitgehardloop het op die platvorm, drie keer my grootte. Ek het 'n honderd agt-en-twintig pond geweeg. Hy het omtrent twee-sestig geweeg, sewe voet lank, yslike groot kêrel. Hy het oor die platvorm gekom met sy arms wat so swaai soos daardie, my gevloek, en in my gesig gespoeg. En gesê: "Jy maak asof jy 'n man van God is." Gesê: "Ek sal elke been in daardie klein, swak liggaampie van jou breek." Wel, hy was goed in staat om dit te doen, menslik gesproke.

32 En ek het toe pas twee polisiemannetjies na Christus toe gelei. Hulle het uitgehardloop om hom te gryp. Ek het gesê: "Hierdie is nie 'n vlees en bloed saak nie." En ek het dit skaars gesê, of Iets het binne-in my opgelig. En ek het geweet hy was net toe verslaan, want God het—het so gesê.

33 En hy het oor die platvorm gekom en hy het gestop, weg, omtrent vyf voet van my af. En Hy het net . . . [Broer Branham maak 'n spoeggeluid—Red.] . . . gespoeg, en dit het net oraloor my gesig gevlieg. Hy het gesê: "Jou slang in die gras. Jou huigelaar." Gesê: "Staan hierbo . . ." Vyf-en-sestig honderd mense wat daar sit, behalwe net op-en-neer in die straat. Hy het gesê: "Ek sal net elke been in jou liggaam breek." En hy het sy groot vuis geskud en, o, sy yslike groot arm. Sy oë het begin rondrol, sy tande het geklem, en Hy—en Hy sou . . .

34 En hierdie polisie het uitgevind dat hy 'n—'n kakebeen en 'n skouer van 'n prediker gebreek het die vorige dag en hulle 'n soektog-lasbrief gehad het om hom te vang, of, 'n lasbrief om hom te vang, liewer, onmiddellik. Hy was uit 'n kranksinnige inrigting. Hy het net nie van predikers gehou nie. Hy het hulle net geslaan; alles.

So, hy het gedink, toe, dat hy dit kon doen, en toe hy daar opgehardloop het . . .

En hoe die Heilige Gees gelei het, wel, ek weet op daardie oomblik, nou, sonder 'n visioen eers, het Iets vir my gesê: "Moenie bang wees nie."

35 Ek, toe hy na my toe gekom het, het ek gedink aan wat daardie Engel gesê het: "Ek sal met jou wees." Ek het gedink: "As U hier is, wat U gesê het U sou wees, wat is hy dan? Hoe sal hierdie onbesnede Filistyn die lewende God uitdaag?"

So, hy het opgekom na my toe, en hy het gesê: "Ek sal elke been in jou liggaam breek." En hy het sy vuis teruggetrek.

36 Ek het gesê: "Omdat jy die Gees van God uitgedaag het, sal jy vanaand oor my voete val." Ek het nie geweet ek het dit gesê nie, sien, dit was die Gees wat gepraat het, Dit het klaar oorgeneem, toe.

37 So, daar was albei uitdagings. En hy het na my toe gehardloop, hy het gesê: "Ek sal jou wys oor wie se voete sal ek val." En hy het sy yslike groot vuis teruggetrek, soos daardie, en die gehoor het vasgenael gesit.

En net toe hy sy vuis teruggetrek het, het ek gesê: "Satan, kom uit hom uit."

38 En hy het sy hande agtertoe gegooi soos daardie, sy oë het ver uitgepeul soos daardie, en omgerol. Hy het sy kop agtertoe gegooi en to-. . . getol op die vloer, en op my voete geval, sodat die polisie moes kom om hom van my voete af te rol voor ek kon beweeg. Regoor die platvorm, hy het net perfek daar gelê.

Die polisie het gesê: "Is daardie man dood?"

Ek het gesê: "Nee, meneer."

Gesê: "Is hy genees?"

39 Ek het gesê: "Nee, meneer, hy aanbid daardie gees. Sien? Hy sal dit reguit terugbring na hom toe, want hy dink hy's reg." Ek het gesê: "Hy is nie genees nie." Hulle het hom omgerol. Ek het gesê: "Kry hom van my voete af." Hy het my vasgepen, sy gelê, daardie groot man, bo-op my voete; ek kon nie my voete uitbeweeg en albei van hulle tesame nie. En so kon ek—ek nie my voete uitbeweeg nie, en hulle het hom omgerol, en ek het my voete weggeneem, en aangegaan om te kry . . .

40 En op daardie tydstip, toe al daardie demone hulle hoofman so verslaan gesien het: het hulle net begin opstaan uit die rolstoele, beddens, draagbare, en al die res, en loop. Dit was die einde van die diens. Hulle het net, almal is genees en het uitgestap. Dit was dit, alles. Sien? Net . . .

41 Nou, julle sien? Toe Satan daar verslaan is, het die hele gehoor eendragtig geglo en uitgegaan. Nou, as Satan verslaan is in een geval, hoekom kan hulle nie dieselfde ding doen nie? Sien?

So, nou die aand, het ek vir my seun gesê, ek het gesê: "Nou, hoeveel gebedskaartjies het jy uitgedeel?"

42 En daardie hele dag, het ek net onder gebed gebly, ek het onder gebed gelewe. Ek—ek het net in die kamer gesit, ek sou nie Billy en hulle by my laat kom nie, ek het die deur toegemaak. Ek het aanhou aanhaal, ek het gesê: "Engel van God het afgekom na my toe en vir my gesê; toe ek nog net 'n babatjie was, nie meer as drie minute oud nie; en toe Hy bo-oor gehang het toe ek 'n babatjie was; my hele lewe lank het Hy met my gepraat; Hy het selfs Sy foto laat neem op 'n foto." Ek het daardie dinge terug begin aanhaal. Ek het gesê: "Daardie aand toe ek daar gestaan het toe Hy na my toe geloop het." Nie 'n visioen nie, 'n Man, het ek daar gestaan en met Hom gepraat, net soos julle sou. Nie verbeelding nie, die Man, ek sou Hom hoor loop oor die vloer, Hy het nader gestap, net so werklik as wat ek, of enigiemand, was.

43 En Hy het met my staan en praat. Hy het gesê: "Jy is gestuur, in hierdie wêreld gebore, om vir siek mense te bid." Hy het gesê: "As jy opreg sal wees, en dan die mense kry om jou te glo, sal niks voor jou gebed staan nie."

En ek het gesê: "Wel, hulle sal my nie glo nie, Meneer." Ek het gesê: "Ek's 'n arm man en woon onder my mense, wat arm is, en ek's ongeleerd."

Toe het Hy my begin vertel van hierdie dinge wat sou plaasvind. En toe het Hy gesê: "Ek sal met jou wees."

44 En ek het gedink: "Daar was Hy." En daardie aand in die debat, toe Sy foto geneem is, waar duisende mense daar in daardie groot koliseum gesit het, hierdie groep hier sou nie die koor vorm nie. Sien? En almal van hulle wat daar gestaan het, en daardie Baptiste prediker wat my net alles in die wêreld genoem het. Ek het bo-op die balkon gesit, hy het nie geweet ek was daar nie. Het probeer spot met Broer Bosworth, en het sy foto laat neem met sy vinger wat in Broer Bosworth se gesig skud, en ding.

Broer Bosworth het gesê: "Ek weet Broer Branham is hier, as hy dalk die gehoor wou verdaag."

45 Toe ek afgekom het, het ek gesê: "Wel, ek's glad nie 'n Goddelike geneser nie. Ek praat net van 'n Engel van God, wat gekom en vir my gesê het om vir siek mense te bid." Ek het gesê: "As ek getuig van die waarheid, sal God getuig vir my. As God nie van my getuig nie, dan is ek verkeerd, en getuig ek net van myself." Ek het gesê: "Ek getuig van Hom en Hy sal van my getuig."

46 En omtrent daardie tyd het Iets gegaan: "Whew!" Hier het Hy gekom, uh-hum, reguit af. Hy het getuig, omtrent dertigduisend mense wat Daarna kyk. En hulle het die foto Daarvan geneem, en daar was Dit.

En nou, soos die wetenskaplike wêreld in daardie sfeer begin inbeweeg, begin hulle sê: "Dis waar, daardie krag . . . "

47 Ek het gedink: "Wel, God, U—U—U het vir my gesê om hierdie te doen. En hoekom kan ek nie, terwyl ek in Amerika is, as hulle nie hierdie tekens kan glo nie, hoekom kan U my nie iets anders vir hulle laat doen nie?" Ek het gesê: "God, ek vra U vanaand om my te help, en bevestig, en U het my dit hoor sê voor ek na die platvorm toe gekom het, ek gesê het: 'Om my te help.'"

48 En daardie aand op die platvorm, het ons 'n paar geroep; daarbinne het ons nie enigiets sigbaar gekry wat mense kon sien nie. Ons het nog 'n groep opgeroep en in daardie groep was 'n, eerste ding, was 'n seun; en sy oë was uitgeskiet deur 'n dinamietdoppie. Een oog was heeltemal uit, geamputeer en uitgehaal. En die ander een was reg in die middel getref, en al die sig daaruit geblaas; heeltemal blind.

49 So, hy het opgestap, ek het vir die seun gebid so opreg soos wat ek weet hoe om vir enigiemand te bid. En daar het sy . . . Ek het gesê: "Kan jy sien, seun?" En 'n groot, helder lig wat afskyn, soos hierdie, in sy oë. Hy het na hierdie kant toe gekyk om die lig te sien, ek het sy kop omgedraai, ek het gesê: "Hierdie is die lig."

Hy het soontoe gekyk, gesê: "Ek's jammer, meneer, ek kan niks sien nie."

50 Wel, ek onthou in konfrontasies en dinge. Ek het omgekyk en ek het gedink: "God, nou hier's 'n kans dat ek . . . As daar enigiets in my lewe is, neem U dit weg. As daar is, weet ek niks daarvan nie. Maar ek weet dat U hier staan, en U het hierdie ding belowe, en hierdie is U Woord." In my hart, het ek begin grawe om iets beet te kry: Geloof!

51 Ek het weer omgedraai, my hand oor die seun se oog gesit, en gesê: "Satan, jy, wat hierdie kwaad gedoen het, al die sig is weggeblaas, elke senuwee is doodgemaak, hy's heeltemal blind, hy kan nie daglig van donker onderskei nie." En daar was hy, en ek het gesê: "Ek vra in die Naam van Jesus Christus en beveel dat die sig na die seun se oë toe kom." Ek het my hand gelos. Hy het geskree en my hand gegryp, van die platvorm afgehardloop en na sy hande gekyk, God geloof.

52 Wat was dit? Twee vroue, blind in hulle oë, het na die platvorm toe gekom, albei van hulle het hulle sig ontvang. Hier het 'n dowe man gekom, na die platvorm toe gekom, die gehoor het na sy ore toe teruggekeer. Hy kan tot 'n fluister hoor. Wat was dit? Dit het my getroos.

53 Wanneer ek terugkeer van Afrika, as God wil, dis waaroor dit alles gister gegaan het, waarom ek weggegaan het. Ek's bly ek het. Ek het gedink ek moet gaan. En toe het dit my net hartseer begin ma- . . . [Leë kol op band—Red.]

54 . . . ? . . . op sy arme ou voete wat die Evangelie gedra het nog voordat—voordat ek—voordat ek gebore is. En ons het daar gekniel, en in die Naam van Jesus Christus, het God daardie demoon bestraf van sy voet af wat so geswel was. Dis nou weg, en hy loop net soos hy altyd het.

55 Die Heilige Gees het vir my gesê: "Gaan na die wildernis so vinnig as wat jy kan." Ek het my jas en hoed gegryp, en ek het gesê: "Broer Bosworth, neem jy die preekstoel. Ek's weg." En ek het uitgegaan en daar gebly tot ek in verbinding getree het met God. My stem het normaal teruggekeer. Hy het aan my geopenbaar dat hierdie, hierdie ding wat nou aangaan, net 'n baie, klein dingetjie is. Wag julle tot ons terugkeer van Afrika af.

56 Kyk wat nou plaasvind. Die kerk kom op, broer, die krag van God, die gety is hoog, beweeg aan; ons gaan van dieper dieptes en hoër hoogtes. Die outydse, apostoliese, Pinksterkrag van God wat eenmaal op die dissipels gewoon het, kom weer terug na die dissipels toe. Dis presies reg. En ek glo dat dinge, waarvan julle

nog nooit gehoor het nie, word net nou voorberei. Ek voel net, vanaand, soos 'n nuwe persoon, net om te weet Sy krag is hier.

57 Ek het nog twee dienste om te hou, een in Florida. En ek het vandag gehoor, dat ons net nou dadelik na Afrika toe sal gaan. Die dienste word gereël, en dan wanneer ek daarin gaan, en terugkeer, glo ek gaan julle 'n heeltemal ander diens sien.

58 En ek glo die dinge is: Ek wil 'n klomp predikers kry en hulle bymekaar kry. Die ding daarvan is, as jy predikers in die Gees van God kan laat beweeg, dan kry jy iets aan die gang, julle sien, dan julle. . . Hulle sal dit na die kerk toe neem en die kerk neem dit *hiernatoe* en van *daar* af *daarnatoe*. Nie 'n nuwe organisasie nie, maar hierdie wat ons het, laat herleef, terug na die Koninkryk van God toe, terug, weer, na die apostoliese Geloof. Die Here seën julle, vriende. Ek glo ons is—ons is net op die drumpel van iets.

59 Gisteraand, laat in die nag, toe julle almal waarskynlik al in die bed was, het ek met Hom gepraat. Ek kon Hom voel, Hy was naby my. En so seker as wat ek glo ek hier staan vanaand, met hierdie Bybel voor my, glo ek Hy gaan weer sigbaar voor my verskyn sommer binnekort, miskien nog voor ek weer oorsee gaan. O, ek vertrou dat Hy sal. Ek het soveel goed om met Hom oor te praat. En ek—ek—ek vertrou dat Hy aan my sal verskyn, en teen die tyd dat ek terugkom, sal ek 'n Boodskap vir julle hê wat reguit van die Troon van God af kom. O, hoe wonderlik is Hy.

Goed. Kom ons bid nou vir die sakdoeke.

60 Ons Hemelse Vader: "Watter dinge Hy sê, doen jy dit:" Maria, wat met die dienskneg praat. En Here, dis wat ons hoop vanaand is, om net te doen wat U sê: "Doen." Ek bid, Vader, dat, soos U bepaal het in U Bybel, en hulle. . . ons geleer word dat hulle van die liggaam van Paulus, sakdoeke of voorskote geneem het. Nou, ons weet ons is nie Paulus nie, maar ons weet dat U steeds Jesus is, die Een Wat genees. En ek vra U om elkeen te genees wat hierdie sakdoeke verteenwoordig, al die spesiale versoeke, oral, dat U hulle sal genees. Skenk dit, Here, en mag hulle gesond word, tot U eer. In Jesus Christus' Naam. Amen.

61 In die dienste, het ek iets gevind waaroor my arme, Ierse hart net so bly is, ek weet nie wat om te doen nie. Ek—ek—ek weet nou iets van die Here, wat ek nie 'n week gelede geweet het nie. Sien? Ek weet dat Hy 'n kanaal het. "Julle is die lote." Ons is die een wat die vrugte dra, Hy's die Wynstok wat die energie verskaf, maar die lote dra die vrugte. Is dit reg? "In My Naam sal julle duiwels uitdryf; niks sal julle op enige manier skade aandoen nie." Is dit reg? Dan is ons toegedraai in die bondel van die Lewe van God: elke gelowige.

62 Dis net soos wanneer jy die Heilige Gees ontvang, dan gee God jou 'n bankboekie. En aan die onderkant van elke tjek, het dit Jesus se Naam daarop geteken. En enigiets wat jy nodig het, vul net die tjek in en stuur dit in. Hy sal—Hy sal—dis goed. Glo

julle dit nie? Hoekom? Die deposito was in die bank gemaak by Golgota. "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel: die straf wat vir ons die vrede aanbring op Hom; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Enige van daardie verlossingsseëninge, dit behoort aan elke gelowige; as jy bang is om die tjek in te vul, wel, sal dit jou nooit help nie. As jy dit invul, en dit dan afskeur, en dit in jou sak sit, sal dit niks help nie. Skeur dit net af en vertrou dit toe aan Hom. Kyk wat sal sorg. God sal daarvoor sorg. Is dit reg?

63 Billy, ek het na jou gesoek. Ek het gedink jy . . . Ek het gesoek na jou om daar oorkant op te kom. Wat was dit? W? W's en S. Wel, kom ons roep van W af, dan. Williams. Goed. Een tot 'n honderd, na elke kant? Wel, kom ons roep van gebedskaartjie W af vanaand, vanaf, kom ons roep vanaf—vanaf vyf-en-tagtig tot 'n honderd, geb- . . . [Leë kol op band—Red.]

Nou glo ek, nou glo ek,

Alle dinge is moontlik, glo ek nou;
Nou glo ek, nou glo ek,
Alle dinge is moontlik, glo ek nou.

64 Ons Hemelse Vader, mag elkeen van ons nou, die blindings in ons harte aftrek vir die dinge van die wêreld, en onsself afsonder saam met U. Sê: "Here, ek vergeet net van my denominasie, en vergeet van môre, en sy werke en sy geswoeg. Ek kom net na U toe, Here. Ek vergeet wie langs my sit, wat hulle mag sê. Ek vergeet van my siekte of my beproewing. Ek sonder net myself af saam met U nou. En inspireer my, O Here, help my om te glo. Help my om alles te glo wat die Skrif leer, help my om alles te glo wat gesê is deur die profete, en die dissipels en die apostels, U heilige manne, soos hulle deur die Heilige Gees beweeg is. En soos ons vanaand geleer is dat U Seun opgestaan het uit die dood, en belowe het dat die dinge wat Hy gedoen het, Sy gelowiges ook sou doen. En ons besef dat Hy nie aanspraak gemaak het om 'n geneser te wees nie, Hy het net aanspraak gemaak dat Hy net gedoen het dit wat die Vader Hom gewys het. Dis al wat Hy kon doen. Hy het geweet wat in hulle gedagtes was. Hy het hulle gedagtes onderskei. En dan, Vader, verskyn aan ons vanaand in daardie werklikheid, en ons sal glo."

65 En help U my, Here, U dienskneg, en salf U dienskneg; baie onwaardig, Here. Ek dink aan eergisteraand, kon nie eers 'n fluister uitkry nie, ek het nie geweet wat fout was nie. Maar net 'n klein gesprekkie, en alles is nou reg.

66 Maar God, skenk, dit sal alles reg wees met elke persoon hier, vanaand. Ek bid vir hulle. En U, Wat genade aan my betoon het, betoon genade aan hulle. Ek bid dat U nou U Engel, die Boodskapper van God, sal stuur, Wat die gedagtes van God openbaar aan die menslike hart, dat Jesus Christus verheerlik

mag word. Want ons vra dit in Sy Naam. Amen. [Leë kol op band—Red.]

67 . . .-iets groter kom nou net nader. As ons Meester hier gestaan het vanaand met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, wat sou Hy doen? Hy het nie aanspraak gemaak om ’n geneser te wees nie. Hy het net gesê: “Ek doen net wat die Vader My wys.” Hy het geweet wat hulle doen, wat hulle gedoen het. In ons Skrifles, het Hy geweet waar Filippus was, voordat Natánael hom geroep het, of, andersom. Hy het die gedagtes in die vrou se hart geken, wat vyf mans gehad het. Maar om te genees, Hy het nie aanspraak gemaak om te genees nie, net soos die Vader Hom gewys het. Is dit reg? Johannes 5:19.

68 Nou, as Hy opgestaan het uit die dood, Hy het gesê: “Die dinge wat Ek doen, sal julle ook.” Is dit reg? Wel, as Hy dan opgestaan het uit die dood, die krag wat Hy daar gehad het om die verborgenhede van hulle gedagtes te ken, hulle harte te ken, te weet wat verkeerd was met hulle, wat hulle gedoen het, en die rede waarom hulle nie genees is nie, ensovoorts, Hy kon hulle vertel. Is dit reg? Maar hoeveel weet nou, met julle hand opgelig, dat Johannes 5: Jesus, toe Hy deur al daardie kreupel en blinde mense gegaan het, Hy nooit een van hulle genees het by die bad van Betésda nie, reguit by al daardie verwronge en blindes en kreupeles en verlamdes, duisende van hulle, verbygegaan het. En oorkant na ’n man toe gegaan het wat op ’n palet gelê het, wat een of ander probleem gehad het, miskien ’n prostaat of iets, miskien TB; hy het dit vir agt-en-dertig jaar gehad, en Hy het hom genees. Maar as julle oplet, die Skrif het gesê Hy het geweet hy lê daar.

69 Nou, toe die Jode bevraagteken het (die 19de vers), het Hy gesê: “Voorwaar, voorwaar.” Nou, julle Katolieke, in—in julle vertaling, in die Douay vertaling, sê dit: “Amen, amen.” En die regte vertaling in die Koning James, uit die oorspronklike Grieks, sê dit—sê dit: “Voorwaar, voorwaar,” beteken: “Absoluut, absoluut, Ek sê vir julle, dat die Seun niks uit Homself kan doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen: dit doen die Seun net so.” Is dit reg? Nou, hoeveel weet die Bybel het dit gesê? Steek jou hand op. Johannes 5. Reg. Nou, Jesus het niks gedoen tot Hy die Vader dit eers sien doen het nie. Is dit reg?

Hoeveel glo dat Hy—dat Hy hulle gedagtes geken het? Wel dan, het Hy hulle gedagtes gelees. Is dit reg?

70 Nie een van hierdie gedagtelesers hierbuite, van hierdie duiwelse werk nie. Die duiwel het ’n patroon van alles wat God het. Glo julle dit? As julle ’n ou vals dollar sien, weet julle daar’s ’n egte dollar, waarvanaf dit gemaak is. Maar kyk, jy sien nie gedagtelesers, ensovoorts, wat die siekes genees, en die koms van Christus verkondig, en mense gered laat word en gevul met die

Heilige Gees nie. Hulle is daarbuite besig om jou 'n dollar te vra om 'n paar dinge te raai. Dis die duiwel. Presies.

71 Maar God het die krag, Hy's volmaak in Syne. En Jesus het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen;" (Is dit reg?) "selfs meer, of groter; want Ek gaan na my Vader."

Nou, hier staan die . . . Is dit die pasiënt? Suster. Goed. Verskoon my. Partymaal staan 'n paar ander rond, ek begin geïnteresseerd raak in praat en ek . . .

72 En elkeen hier weet dat ek, vir die laaste paar minute, soort van rond getalm het vir iets, dit is, ek wag vir Sy Teenwoordigheid; want sonder Sy Teenwoordigheid, is ek net . . . En julle besef dis 'n struikelblokkie vanaand. As julle sal oplet, daar's gees *daar,* daar's gees *daar*, daar's gees *hier,* daar's gees *daar*; oral om my is geeste. Sien? Elke persoon het 'n gees. En nou, kyk: *Hier* is iemand wat bid, *daar* is iemand wat bid, *hier* is iemand wat bid, *daar* is iemand wat bid, *daar* is iemand wat bid. En dan wanneer die salwing afkom, *hier* trek dit *hierheen*, en *hierheen*, en *hierheen*, en *hierheen*. Sien? En jy moet een persoon na jou toe bring, en by 'n plek kom waar jy jou eie gees laat beweeg na waar jy *hier* kan sien, en dan kan jy dit sien uitwys in ander plekke. Sien.

73 Maar nou, ek—ek het nog nooit vantevore hierdie man gesien nie. Ek veronderstel ons is vreemdelinge, is ons, meneer? Ek het jou nog nooit gesien nie. Ek dink nie ek het jou al ooit gesien nie. Wel, ek het pas in die dorp ingekom 'n paar minute gelede, net om, lank genoeg, om ander klere aan te trek, en hiernatoe te kom. En so, jy was net 'n man vir wie hulle 'n gebedskaartjie gegee het hieronder, en jy is net hier opgeroep op die platvorm, en dis al wat dit is.

74 Maar nou, glo jy dat—dat die dinge waarvan jy gehoor het in die Bybel, van Jesus wat opgestaan het uit die dood, glo jy dis die waarheid? Jy glo. En glo jy dat as Hy hier was vanaand, dat, hier gestaan het waar ek staan, en ons bymekaar gestaan het, en Hy sigbaar was . . .

75 Sien, Hy . . . Die enigste hande wat Christus vanaand het, is ons hande, enigste lippe wat Hy het. Hy sit langs die Vader, Hy het die Heilige Gees teruggestuur, die derde persoon, die Drieeenheid, om te getuig van Sy wese, wat God *is*. Dis God in ons. En die Bybel het gesê dat ons word (Jesus het gesê) ons gode word, in 'n vorm; Skrif sê so. Sien? Ons is gode. Want waarom? Ons is seuns van God. Ek—ek's . . . Op daardie manier is ons, want, net soos, ek 'n Branham is omdat ek uit daardie Branhamtak gekom het. En ons is s- . . . Op daardie manier omdat ons—ons seuns van God is, afstammelinge van God. Glo jy dit?

76 Ek wil hê elkeen moet net so eerbiedig wees as wat julle kan, nou. Ek wil hê julle moet juig en bly wees. Wel nou, as julle my hoor sê: "Hou julle kinders naby julle," maak seker jy doen

dit, moeder; want daar's twee of drie gevalle van epilepsie wat hierbuite sit vanaand, en dis 'n baie gevaarlike ding. Dit sal van een na die ander gaan, net . . . Dis die ergste ding waarmee ons te doene kry, is epilepsie.

77 Nou, meneer? Net om 'n oomblik met jou te praat, soos Jesus het, daardie vrou by die put. En om met haar te kon praat, jy weet, ek het my eie begrip daarvan. Dit was, Hy het die dissipels weggestuur. En toe Hy die dissipels weggestuur het om iets te gaan kry om te eet, glo ek dat Hy geweet het dat daardie vrou daar sou wees. En toe, toe sy gekom het, dit was soveel soos die Vader Hom gewys het, dat Hy—Hy kontak moes hê met 'n vrou. En so het die vrou uitgekom, en dit was die vrou wat Hy in 'n visioen gesien het. Hy het gesê: "Kom hier." En Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink."

En sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir julle—julle Jode om so-iets vir Samaritane te vra nie."

78 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink." Toe het Hy, na Hy 'n tydjie met haar gepraat het, het Hy net reguit voortgegaan en haar van haar probleem vertel. Is dit reg?

79 Nou, jy's ver- . . . jy's bewus daarvan dat iets aangaan. Sien. Dis—dis Sy Teenwoordigheid. Kyk jy net na my vir 'n oomblik, as Sy dienskneg, om Hom te verteenwoordig. Jy is . . . Nou, dit sal jou nie seermaak nie. Sien? Dit sal jou nie seermaak nie, meneer. Jy het gehad 'n . . . Ek sien 'n iets, dit—dis 'n ongeluk. Jy is beseer. Dis in 'n—'n—'n—'n plek soos 'n myn of iets; was in 'n myn, wat jy beseer is. En daar is iets verkeerd met die—die—die—die kant van jou gesig (is verlam), en jou oor. Is dit waar? As dit is, steek jou hand op. Nou, net 'n oomblik, daar was iets . . . [Leë kol op band—Red.] Wat Dit ook al gesê het, was reg. Nou dit was—dit was my stem, maar dit was nie ek wat gepraat het nie. Sien. Glo jy my? Wil jy genees word? Glo jy as ek Hom sal vra, sal jy gesond word? Kom dan hiernatoe.

80 O God, wees my broer genadig, vir wie ek seën in U Naam. En ek bid, God, dat U hom sal genees, en hom sal gesond maak. O Ewige Een, Bewerker van die Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, terwyl hierdie man in U Teenwoordigheid staan, vergewe elke sonde, neem die oortredinge weg, en mag hierdie siekte sy liggaam verlaat, en mag hy huis toe gaan na sy geliefdes toe en reg en gesond wees sy hele lewe lank. Sal U dit skenk, Here?

81 Nou, Satan, met die gesag van God se Woord, en met die salige Teenwoordigheid van die Heilige Gees, en 'n gawe wat gegee is deur 'n Engel: beveel ek jou deur Jesus Christus, die Seun van die Lewende God, kom uit die man uit, kom uit hom uit.

82 Net 'n oomblik. Dit was kant van jou gesig en . . . ? Kan jy my goed hoor uit jou oor daar oorkant? Hoor jy my goed? Hoor my? Hande voel goed, jou kant, en alles? Neem my hand, druk dit nou.

Nou, jy glo dat ek Sy profeet is, nie waar nie? Wil jy Hom dien? As ek jou iets vertel wat daardie senuwees ruïneer, sal jy nou daarmee ophou? Jy het 'n gewoonte wat jy moet opgee. Jy rook sigarette; jy gebruik tabakke. Sal jy dit opgee? Jy nou daarmee ophou? Sal jy jou lewe geheel en al vir Christus gee, dan, die doop van die Heilige Gees soek? Kom weer hier.

83 O God, op die belydenis van sy sonde, o, bid ek dat U genadig sal wees. Nou, Satan, jy kan hom nie langer vashou nie. In die Naam van Jesus Christus, kom uit hom uit. Ek beveel jou om die man te verlaat. Op sy belydenis en sy verwagtinge in Jesus Christus, kan hy nie teleurgestel word nie. Verlaat hom, kom uit hom uit, in die Naam van Jesus Christus.

84 Nou, dis anders, is dit nie? Nou steek jou hand op, albei van hulle, in die lug op, klap hulle nou teen mekaar. Daar het jy dit. Nou is dit alles verby. Nou kan jy blymoedig van die platvorm afgaan, die Heilige Gees ontvang, na een of ander goeie volle Evangelie kerk toe gaan en die doop ontvang. Amen. Kom ons sê: "Prys die Here." (Goed, binne 'n oomblik.) Kom ons prys God. Anders nou, is dit nie, meneer? Amen. Jy's nou reg, broer. Hoe sê? Ja, meneer, jy sal nou reg wees. Gaan terug na jou huis toe en wees blymoedig. Kom ons sê: "Prys die Here." Sê almal: "Prys die Here." Julle Metodiste, julle Baptiste, julle Katolieke, sê almal: "Prys die Here."

85 Sien die man daar opkom in sy toestand? Sien hom reguit wegstap? Sien die verskil? Een van hulle het vir hom gebid; en die sonde was steeds op hom. En ek het gewonder waarom hy nie daardie reaksie gekry het nie, daardie arm wat steeds gehang het en dinge. Ek het gewonder: "Wat het gebeur? Wat was fout?" Ek het weer teruggekyk, ek het die man op 'n straathoek sien staan besig om 'n sigaret te rook, en ek weet dis nie reg in God se oë nie. Dis reg. Deur die dinge te weet wat ek weet, en ek weet dit kan nie wees nie. En daar, het God hom toe genees en hom gesond gemaak.

86 Ons almal behoort die Here te prys, en dankbaar te wees. Julle almal behoort Jesus Christus te glo, net nou, elkeen van julle. Julle Baptiste behoort dankbaar te wees, julle Metodiste behoort dankbaar te wees, julle Katolieke, julle Pinksters, almal van julle, behoort dankbaar te wees teenoor God, en te sê: "Dankie, Jesus Christus." Want in die dae wanneer Kommunisme deur die land trek, en ateïsme deur die land trek; dink net: dertien miljoen ongelowiges uitgebroei in die wêreld verlede jaar, dertien miljoen ongelowiges. En die krag van God hier, wat sigbare tekens wys, en dinge, dat ons reg is, deur te glo aan die Here Jesus Christus, dat Hy hier is. Dit behoort ons so gelukkig te maak, dat ons dit môre oral sou versprei, die hele wêreld daarvan vertel. Goed, nou.

87 Ja, meneer. Goed, meneer. Glo jy met jou hele hart? Glo julle dat God God is? Ek sien, natuurlik, jy's—jy's verlam, of jou arm is sleg. Nou, as ek jou kon genees, sou ek dit doen, ek sou dit graag wou doen, maar ek kan dit nie doen nie. God kan dit doen. Glo jy dit? Glo jy Hy sal dit doen? Glo jy as ek Hom vra om dit te doen, dat Hy jou sal laat gesond word? Jy glo? Hy sal jou help om gesond te word. Goed, meneer. As jy dit glo, is dit die manier waarop jy dit sal ontvang.

88 Nou, kom ons kyk nou net na Hom net vir 'n oomblik, sien wat jou probleme veroorsaak het. Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy . . . dis, jy het 'n—'n brein-operasie gehad vir 'n gewas, en die gewas is verwyder, en dit het jou verlamde toestand veroorsaak. Dit reg? Nou, as ek Hom vra, dan sal jy gesond word, sal jy nie? Kom hier.

89 Ons Hemelse Vader, die man het gesê dat hy glo hy sal gesond word as ek hande op hom lê, en ek doen dit; in die Naam van Jesus Christus, vra ek U om hom te genees. Amen.

90 Nou, gaan, gelowig. Gaan glo met jou hele hart. Ek wil . . . Nou, moenie . . . Nou, wanneer hy daaronder kom, wanneer hy net 'n oomblik gaan sit, wil ek hom weer sien, net binne 'n paar minute. Ek wil hê jy moet, aangaan, seun, glo met jou hele hart. Hy het gesê, as ek, hy geglo het, as ek hande op hom lê, sou hy gesond word. Ek glo Hy sal dit doen. Ek glo Hy sal dit nog vanaand doen, as hy dit net sal glo. Nie waar nie? Ek glo Hy sal dit net nou doen. Goed.

91 Aangename kennis, dame? Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat alles wat jy sien van God af kom, wat jy hier in hierdie diens sien? Glo jy dat hierdie die Gees van God is wat beweeg? Ek's net jou broer, jy weet dit. Maar God is jou Verlosser. Jy glo nie ek sou jou gedagtes lees nie, glo jy, dame? Jy glo nie dit nie. Maar jy glo dat God my kan help om te weet wat jou probleem is. Ek vertrou dat Hy sal. En ek sê nie dat Hy sal nie. Ek—ek glo Hy sal.

92 Jou probleem is—is 'n senuwee-toestand. Jy's baie, baie senuweeagtig. Daar's baie daarvan in die kamer vanaand, baie senuweeagtigheid. Is dit waar? Senuwee-toestand. Nou, as jy . . . Nou, omdat daardie net 'n algemene ding is, van senuweeagtigheid, kom ons vra vir Hom iets anders. Dis wat jy wil hê ek moet doen, jy wil . . . jy . . . daar's iemand anders wat jy op jou gedagte het. Nou, ek lees nie jou gedagtes nie. God weet, daar's my hand voor God en my Bybel hier. Sien? Jy is bekommerd oor 'n kind. Is dit nie reg nie? En daardie klein kindjie het een of ander klierprobleem, of iets. Is dit nie waar nie? En jy's—jy's—jy's nie van Indiana nie, jy kom van Illinois. Is dit nie reg nie? Jy het oor die rivier gegaan om hiernatoe te kom. Is dit nie waar nie? Nou, gaan sit jou hand op jou kind. Albei, toe jy . . . Wel, sy . . . die babatjie is nie hier nie, jy het dit by die huis gelos; maar ek wil hê dat jy, moet huis toe gaan, jou hand op die

kind sit, julle gaan albei gesond word. God seën jou. Gaan huis toe, God genees jou. God seën jou, vriend.

93 Nou, wees net so eerbiedig as wat jy kan wees, nou. Wees dankbaar en vol waardering. Nou, dit begin nou 'n punt bereik, waar, voordat, as julle net eerbiedig sal wees vir 'n paar minute, dan sal ons . . . ons—ons sal julle nie lank hou nie. My gesig word baie gevoelloos, my lippe raak groot, my neus, my hele gesig. Ek kyk, soos na daar oorkant, kan nie te goed sien nie. En ek . . . Was dit die dame wat pas . . . Was jy so pas hierbo, dame? Ek het gesien, daardie Lig daarbuite. Dankie, pas . . .

94 Sien, hier is dit. Dis hierdie dame, net hier. Hmm. Uh-hum. Glo jy dat ek Sy dienskneg is, dame? Jy . . . Dis een of ander soort nier en blaastoestand. Is dit nie reg nie? Staan dan op, aanvaar jou genesing, sê: "Jesus Christus, ek aanvaar my genesing, nou." Sien, jy het geen kaartjie nodig nie, moet net genees word. God seën jou, nou. Here Jesus, ek bid dat U haar sal gesond maak. Mag sy huis toe gaan en heeltemal normaal wees, bid ek, in Jesus' Naam. Amen. God seën jou, suster.

95 Dis iets, is dit nie, 'n groot marteling, of iets, en daar was iets van . . . natuurlik, ja, ek het iets van oë gesien, maar sy het gedra . . . Wel, daar is dit weer. Nee, dis hierdie dame, wat hier sit, wat die oogprobleme het, wat net daar sit, daardie dame daar, met die swarterige rok aan. Jou oë verdof, raak sleg, raak hulle nie, dame? Glo jy dat God jou nou gaan genees? Jy glo? Jy het nie 'n bril op nie. Ek het gewonder. Ek het die visioen gesien met 'n dame wat ga- . . . met 'n, gelyk soos, 'n blinde gees rondom haar, maar ek kon hulle nie geskei kry nie. Julle lyk albei dieselfde, baie dieselfde aangetrek. Goed, wil jy jou genesing aanvaar? Glo dat God jou genees? Jy glo? God seën jou.

Here Jesus, ek bid dat U haar sal gesond maak en mag sy nou huis toe gaan, en volkome gesond wees, bid ek, in Jesus' Naam. Amen.

96 Aangename kennis? Glo jy met jou hele hart? Jy glo? Jy's . . . Dankie, broer, dis 'n goeie gesindheid. Maar nou, ek wil korrigeer, vir jou. Nou, van nou af, moenie daardie negatiewe hê nie; laat dit positief wees van hier af, aan. Want, glo jy dat jy in Sy Teenwoordigheid is? Dis in jou keel, het 'n baie slegte keeltoestand. Jy het ook, jy het 'n vergroeisel, jou nek. Is dit nie reg nie? Glo jy Hy gaan jou nou genees? Kom hier.

97 Here, Wat hemel en aarde gemaak het, hierdie demoon is verberg, onsigbaar, vir die oë, maar dis nie verberg vir U nie. U weet net waar hy is, en nou is hy ontbloot. En in die Naam van Jesus Christus, beveel ek hierdie versmoringsgees om hierdie seun te verlaat; mag dit uit hom uitkom, en mag hy gesond word, in die Naam van Jesus, die Seun van God. Amen.

God seën jou, jongman. Gaan nou, en word gesond. Kom ons sê: "Dankie God." Amen. Goed bring . . .

98 Sien 'n maer vrou wat hierbinne staan; sy's baie maer, sy dra bril. Sy ly aan 'n—'n ding, sy's styf. Dis artritis, en sy het, ook, lewerprobleme, en haar lewer, en blaasprobleme. Nou, net 'n oomblik. Ek sien die dame, sy bid iewers, dis iemand in die moeilikheid, net tot ek die dame vind, waar. Dit bly my lei hie-. . . O, hier is sy. Sy's. . . hulle het 'n perskleurige hoed op met 'n veer daarin, daar. Was dit jou toestande, dame? Het jy daar gesit, gebid om genees te word? Goed, jy is nou genees. God seën jou. Jy kan huis toe gaan. Hy het aan my geopenbaar, wat jy gedoen het. Het jy nie gevra om genees te word, of iets wat jy gehad het, in gebed nie? Gaan jy nou huis toe en word gesond gemaak. God seën jou. Hê net geloof in God.

99 Daar is Hy, net daar. Wil jy ontslae raak van daardie sinusitis, wat daar sit, dame? Jy het hierdie kant toe gekyk, so opreg, besig om te bid. God seën jou.

100 Wat dink jy, suster? Wat soort van lag. Wil jy ook genees word? Uh-huh, ja. Glo jy dat ek God se profeet is? Jy glo? God seën jou. Jy is van buite die dorp, jy het gekom, nee, jy's van 'n ander staat af. Jy kom van waar daar 'n klomp mere is, dis—'n—dis 'n—'n denne; dis—dis Michigan, jy kom van Michigan af. Jy het hartprobleme, en jy het hoë bloeddruk. Ek sien 'n jong dame langs jou staan, met hoë bloeddruk, 'n dokter sit 'n ding om haar arm; sy's in haar tienerjare, moet jou dogter of iets wees. Is dit nie waar nie? Sy's hier, dis jy. God seën jou. Goed, sit julle hande in mekaar se hand, daar is sy, goed, sit julle hande in mekaar se hand, kom ons bid.

Vader, mag hulle huis toe gaan en gesond word, vra ek tot U eer, in die Naam van U Seun, Jesus. Amen. Skenk dit, Here. Amen.

101 God seën julle, nou. Julle kan albei huis toe gaan en gesond wees. Kom ons sê: "Dankie God." Hê geloof in God, hê net geloof, dis al wat ek julle vra om te doen.

102 Aangename kennis, suster? Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy's op 'n genade-sending. Daar's iemand wat naby jou woon of in. . . dis jou buurvrou. En jy staan vir hierdie vrou, en sy is sterwend, sy het kanker. Gee vir my jou sakdoek.

103 Here van die lewe, laat die dood wyk van die vrou. En in herdenking van U Bybel, seën ek hierdie sakdoek om op die sterwende persoon gelê te word. En mag die dood wyk van haar bed, en spaar haar, tot U eer. Ek vra in die Naam van U Seun, Jesus. Amen.

104 Lê dit op haar, en laat niemand anders pla tot jy dit op haar gesit het nie. God seën jou. [Die suster praat met Broer Branham—Red.] Ja. Uh-huh. Sal dit doen. God seën jou. Dis alles reg. God seën jou. . . ?. . . Glo julle dit? Wees eerbiedig. Hê geloof in God. Moenie twyfel nie, glo. "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Glo julle dit nie?

105 Daardie ingewandsprobleme het jou verlaat, dame, kolon en ingewande. Wat daar reg agter sit. Glo net met jou hele hart, jy sal net presies dit kry. God seën jou.

106 Glo jy, dame? Die dame in die . . . sit langs Mev. Wood, net bokant. Dis, nee, dis 'n bejaarde dame wat 'n sinus het, sit daaronder op die punt met daardie klein, geruite rokkie aan. Goed, suster, aanvaar jou genesing. Ja, dis reg, jy het sinus gehad, jy weet. God seën jou.

107 Meneer, ek het gedink dit was jy in die stoel. Hou nou aan glo. Die Lig is naby jou daar. Jy weet Dit was op jou. Dit het langs jou gestaan daar, jy het Dit gevoel. Moenie moedeloos voel nie.

108 Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Profeet is net Sy prediker. Glo jy dit? Glo jy dat God hier is om jou gesond te maak? Ek kan jou nie genees nie, dame. Ek het geen manier om jou te genees nie, maar God kan jou gesond maak, kan Hy nie? Ons is vreemdelinge, is ons nie?

109 Ek wil weet, die mense in hierdie gehoor, as God hierdie vrou sal genees, aan haar sal openbaar, iets in die bonatuurlike sal doen, sal elkeen van julle dan julle genesing aanvaar? Sal elkeen? Hoeveel sal dit doen? Sê net: "Ek's—ek's siek, ek sal an- . . . "

Dit—dit het, ek word net so swak, ek kan skaars hier staan, julle sien. Goed.

110 Ek wil net 'n oomblik met jou praat. En ek's . . . Was daar twee van daardie vroue? Jy, jy het, jou probleem is jou oor. Jy—jy het 'n operasie in die oor gehad, en dit loop steeds uit, dit doen nie goed nie. Jy het 'n stryd gehad, het jy nie? Jy het, jy het altyd na 'n ander kerk toe gegaan as waarnatoe jy nou gaan. Jy het altyd na 'n Christenkerk toe gegaan. Is dit reg? En jy het naby iets gesit wat vierkantig is, dis 'n—dis 'n radio, en jy het geluister na 'n prediker wat die Evangelie verkondig het. En daarin, het jy gegaan van die Christenkerk af na 'n Volle Evangelie kerk toe, jy is gered en gevul. En daardie prediker waarna jy geluister het, is Broer Vibbert, hy het 'n stuk uitgebreek aan die kant van sy tand, ek sien dit. Is dit reg? Was daardie dinge die waarheid? Kom hier.

111 O God, Wat hemel en aarde gemaak het, en alle dinge goed en reg gemaak het, en dit U behaag het. Maar Satan het daardie dinge bederf. Maar U het U Seun gestuur om al daardie dinge reg te maak wat Satan bederf het. Help ons suster vanaand. En Here, hoor my gebed. En soos U ons in die Woord geleer het: "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." So ek vra die boosheid om hierdie vrou te verlaat, wat haar pla. In die Naam van Jesus Christus mag dit haar verlaat, en mag sy gesond word. Tot God se eer, vra ek dit. Amen.

God seën jou, suster. Gaan op jou pad, en jy gaan reg wees.

Op die sakdoeke, ons . . . Kom, bring hulle. Het ek vir die sakdoeke gebid? Daar is vir die sakdoeke gebid.

112 Glo jy? Glo jy God gaan jou gesond maak? Gaan eet dan jou aandete, jou maagprobleem het jou verlaat. Jy kan gaan, gesond gemaak word. God seën jou. Kom ons sê: "Dankie God." Hê geloof, nou, almal van julle.

Goed, kom. Bring die dametjie, bring die kind. Glo die asma sal die kind verlaat, en glo dit sal reg wees, en Hy het dit gespreek?

God seën dit, in Jesus Christus' Naam, mag dit gaan en gesond gemaak word. Amen. En, God, net so ook vir haar, deur Jesus' Naam, mag hulle albei genees word. Amen.

God seën jou, suster. Gaan en glo met jou hele hart. Ek glo dit gaan die kind verlaat, albei van julle, en jou probleem is, ook, weg.

113 Goed, kom, dame. Kyk hiernatoe. Jy het 'n nierprobleem. Wil jy graag daaroor kom? Glo jy jy het? Goed. God seën jou. Bly net reguit voortgaan nou, en glo Hom met jou hele hart, jy sal kry waarvoor jy gevra het.

114 Glo jy met jou hele hart, dame? Kom net. Wil jy daardie operasie vermy? Glo jy God sal die gewas wegneem sonder 'n operasie? God seën jou, gaan in die Naam van die Here Jesus. Amen. Amen.

115 Goed. Kom, dame. Stop, waar jy is! Steek jou hand op! Sê: "Ek aanvaar Jesus. My artritis is weg." Nou stamp jou voete, en kom oor die platvorm, loop soos 'n jong dame. Komaan, komaan, jy kan dit doen, komaan. God het jou gesond gemaak, ja, daar het jy dit. Amen. God seën jou. Dis hoe jy moet maak. En gaan jy, en word gesond gemaak, in Jesus Christus' Naam.

Kom ons sê: "Prys God." Goed.

Hier's 'n dowe man. Almal buig julle hoofde, asseblief.

116 O God, Outeur van die Lewe, Gewer van elke goeie gawe, stuur U seën op hierdie man. Nou, hy's miskien nie in staat om die Evangelie te hoor nie, met hierdie dowe gees op hom. Maar Here: "geloof kom deur die gehoor," en hy kan nie hoor nie, so Here, gee my nou krag, om hierdie demoon te oorwin.

Jou demoon verlaat hom. In die Naam van Jesus Christus, kom uit hom uit . . . ? . . .

117 Hoor jy my? Het jy die Here lief? Met jou hele hart? Is Hy nie wonderlik nie? Prys die Here. Sê: "Ek het Hom lief." Het jy Hom lief met jou hele hart? Gaan jy Hom altyd liefhê? Jy's nou gesond. God seën jou. Gaan aan, en doen iets vir God.

Kom ons sê: "Dankie God."

Die ergste siekte in die wêreld, maak meer mense dood as enigiets anders; maar Jesus Christus is hier om jou hartprobleme gesond te maak. Aanvaar jy dit?

In die Naam van die Here Jesus Christus, mag jy gesond gemaak word. God seën haar in Jesus Christus' Naam.

Soos jy kom, glo. Glo jy? Tweede grootste moordenaar in die wêreld, kanker. Aanvaar jy? Glo jy dat Hy jou genees?

118 Satan, jy wat die vrou gebind het, ek beveel jou deur die Seun van God, Jesus Christus, dat jy haar verlaat, uit haar uitkom. Gaan! In die Naam van Jesus Christus, verlaat die vrou. Amen.

119 God seën jou, suster. Nou kyk, jy moet sterf volgens die dokter, maar volgens Christus, lewe jy. Wie glo jy? Goed. God seën jou. Jy kan nou jou genesing kry, en jy gaan gesond word, en 'n normale lewe lei.

Kom ons sê: "Prys die Here."

120 Hoeveel wil genees word? Staan op. Kom hier, broer. Jy het nie ingekom nie, het jy, suster? Kom hier. Glo jy? Goed, jou rugprobleem het jou verlaat. Jy kan, gesond, van die platvorm afgaan.

Kom hier, Broer Bosworth.

121 Hemelse Vader, wees genadig net nou. U weet alle dinge, U ken die groot nood, U ken die mense hier, en ek weet nie wat U nog kan doen nie, maar ek bid dat U genadig sal wees. Ek dank U vir vergifnis, en ek dank U vir al hierdie dinge. En ek bid nou, dat U elke persoon hier sal genees. Mag die krag van God op hulle wees, en mag dieselfde Heilige Gees wat hier op die platvorm was, net nou oor hierdie gehoor beweeg, elkeen seën en hulle genees.

En met julle hoofde gebuig, julle harte na God . . .

Gaan voort met gebed, sal jy, Broer Bosworth? As jy sal.

Demonologie AFR53-1120
(Demonology)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 20 November 1955, by die Evansville Koliseum in Evansville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org